

# Stoeiers

Genesis 32

## Inleiding

- Julius Malema is een van daai ouens
  - wat lyk asof hy elke keer 'n nuwe streek het om êrens in die lewe te kom.
  - Hy is alwig aan die stoei met alles en almal – 'n regte 'schemer'.
  - Nou ek gaan natuurlik nie politiek praat nie...
    - maar om na Julius te verwys is een van die beste maniere om 'n sekere karakter in die Bybel te beskryf: Jakob.
    - Die twee sou mekaar kompetisie kon gee!
- Wat het hulle in gemeen?
  - iets wat ons ook eintlik in gemeen het met hulle...
    - 'n Gestoei om iemand te wees
    - om 'n plekkie in die son te hê?
    - om bewonder te wees...
  - dalk kom dit uit 'n dieper plek wat nie eens verkeerd is nie...
    - ...om liefgehê te wees
    - ...om geborge te voel
    - ...en hierdie selfde ratte draai in ons... om en om...
  - ...kom ons Ontdek Jakob se pad
    - en hopelik in die proses iets van jou eie pad...
- Mens sou seker kon sê dat Jakob 'n rustiger kêrel was.

- Esau was die rowwe een, '...'n man van die veld' wat gejag het,
- Jakob het rustig by die huis gebly en die fyner kuns geken van hoe om lekker sop te maak.
  - Maar as ons na sy lewe kyk was dit stille waters... maar diepe grond.
  - En daar onder stoei Jakob rond.

## **Jakob se gestoei met mense**

- By sy geboorte al
  - gryp Jakob sy tweelingboetie, Esau, se hakskeen vas
  - soos iemand wat nie daarmee tevrede is om tweede te wees nie. (Gen 25:25)
- Die volgende wat ons van Jakob lees
  - is hoe hy sy ouboet Esau se moegheid na dae in die veld
  - baie slinks uitbuit om die eersgeboorte reg te kry met 'n pot lensiesop. (Gen 25:31)
- Dan lees ons weer later waar hy,
  - saam met sy ma, sy pa bedrieg en Esau se seëning steel
  - deur homself te vermom en as Esau voor te hou by sy bejaarde en blinde pa. (Gen 27)
  - Toe Esau dit uitvind sê hy: <sup>36</sup> "Hy word tereg Jakob genoem. Hy het my nou al twee keer bedrieg <sup>p</sup>: hy het my reg as eersgeborene gevat en nou het hy my seën gevat."

---

<sup>p</sup> Die naam Jakob en die Hebreeuse woord vir "bedrieg" is amper dieselfde, vgl. 25:26

- Jakob het dit gehoor en weggehardloop na sy oom Laban toe.
- Daar hoor ons weer, dalk minder bekend,
  - hoe Jakob 'n trofee-vrou vir homself soek
    - en eerder verlief raak op die beeldskone Ragel met die kurwes
    - as haar suster Lea wat net beskryf word dat sy sagte oë gehad het.
      - Ander manier om te se dat sy 'n baie mooi persoonlikheid gehad het! (Gen 29:16)
- Daar werk Jakob baie hard vir sy skoonpa
  - en as betaling kry hy al die bont en gestreepte bokke en skape.
  - Maar hy is weer skelm en sorg dat al die sterk diere na sy kant toe kom. (Gen 30)
- Vir 20 jaar bly hy by Laban en hy word inderdaad baie ryk met sy skelmheid en al.
  - Maar daar loop dinge uiteindelik óók skeef en hardloop hy skelm by Laban weg.
- Gee nie om wat Jakob probeer nie...
  - Sy lewe en verhoudinge met mense en met God bly leeg.
  - Keer op keer op keer sien ons hoe Jakob met
    - planne,
    - manipulasie
    - en eie schemes
  - teen almal stoei en so hard probeer om die seën en aanvaarding van ander mense te kry,
    - ...om tog net iemand te wees.

- Jakob se soeke na aanvaarding het sy hele lewe gedryf.

## **Jakob se gestoei met God**

- En nou in Gen 32 begin sy verlede hom in haal.
  - Hy was besig om aan die een kant vir Laban weg te hardloop
  - net om uit te vind Esau is van die ander kant af oppad met 400 mans.
    - Ingehaal en vasgekeer.
- Dan draai hy na God toe en bid.
  - Maar die hoof ding wat hy vra in sy gebed is net dat God hom beskerm teen Esau.
  - Hy is nog nie by die punt waar hy regtig met God stoei
    - oor die ratte wat diep in hom draai nie
  - Hy dink sy probleem is Esau wat nou maar net 'gehandle' moet word.
    - Maar eintlik, eintlik is sy probleem met homself en God.
- En dis hier waar dinge interessant raak:
  - God antwoord Jakob se gebed,
    - maar met dit wat hy regtig nodig het...
    - 'n stoeigeveg met God.
- Jakob, tipies nou weer vol met sy eie plannetjies,
  - het almal en alles vooruit gestuur.
  - Hy staan alleen in die donker koue nag.
  - Skielik oorval iemand hom en daar begin 'n gestoei.

- Die woord vir stoei in Hebreeus beteken letterlik 'stowwerig raak'.
- Dit was 'n gehyg, 'n gegryp en 'n rondgooi die hele nag.
  - Dan raak die Man aan Jakob se heup wat toe uit potjie spring.
  - Jakob hang toe nog desperaat met 'n lammerige been aan hom
    - maar hy beveel dat Jakob moet los.
- Jakob is moeg, gespanne, uitgeput en kan net nie meer nie.
  - Hy is op.
  - Met sy heup wat so skielik uitgespring het weet Jakob hier is iets anders aan die gang.
    - Hierdie is nie net 'n mens nie!
- En nou, ...desperaat, doen hy vir die eerste keer dit wat sy hele lewe lank nog nodig is.
  - Hy konkel nie meer nie, hy maak nie self plannetjies nie.
  - Hy smeek vir die eerste keer op die regte plek vir seën.
  - Hy besef dat, as hierdie regtig God of 'n engel is,
    - hy nie die geleentheid kan laat verby gaan nie...
      - met sy hele lewe wat uitmekaar spat soos 'n glas wat val,
      - is dit al opsie wat hy nog oor het.
- En dan... dan gee God hom net 'n nuwe naam: Israel.
  - Hoekom net 'n naam, en hoekom Israel?
- Hy kry net 'n naam as seën,

- want sy gestoei met God het klaar gedoen wat hy nodig gehad het:
  - Dit het hom nederig na God toe laat draai en laat vra dat Hy hom seën met wat Hý wil.
- Jakob het uiteindelik die punt bereik
  - waar hy nou sal vat en wees wat God vir hom gee om te vat en te wees.
- Hy het hier by die einde van 'n proses gekom wat al begin het by sy geboorte...
  - en baie van ons is nog maar besig met daardie proses...
- En daarom verander sy naam
  - van Jakob, wat 'bedrieër' beteken, na Israel.
  - 'Israel' is saamgestel uit die woorde 'stoei' en 'God'.
  - Dit beteken twee dinge:
    - "stoeier met God",
    - maar ook "stoeier vir God".
- Jakob het sy lewe lank met mense gestoei,
  - maar nou uiteindelik ook met God.
  - En dit het hom verander in 'n stoeier vir God.

## **Israel**

- Maar... die naam Israel is nie net Jakob se naam nie.
  - Dit is ook die naam wat God kies om sy volgelinge verder te noem:
  - Die Israeliete
    - - Stoeiers met God, wat uiteindelik word: Stoeiers vir God!

- En later praat Paulus van mense wat so nuut voor God lewe as:
    - “die ware Israel” [Gal6:16].
  - Maar, so gou probeer ons self stoei om iemand te wees...
    - Ek stoei en stamp vir die bewondering van familie, vriende, vriendinne of kollegas.
    - Of as ek vir iemand verduidelik watter werk ek doen probeer ek dit baie indrukwekkend klink soos van die mense op Noot-vir-Noot.
    - Of ek laat val name van al die belangrike mense wat ek ken of mee te doen het.
  - Ek stoei met my voorkoms en plooi en ronde boude.
    - En dalk het jy ook al êrens 'n plan gehad om iemand uit te werk vir strategiese doelwitte.
    - Of jy klou vas aan 'n posisie wat jou ego nie kan bekostig om te verloor nie.
  - Maar wat eintlik nodig is,
    - is om in eerlikheid te stoei met jou eie swakheid en nood voor die lewende God.
    - En die punt te bereik waar jy net wil vat en wees wat God vir jou gee om te vat en te wees.
  - Jakob word vir hierdie rede in Hebreërs een van die geloofskampioene genoem. (Heb 12:13 OAV)
- <sup>13</sup>In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was.*

- Geloofshelde is mense wat agtergekom het
  - dat hulle vrede en lewe uit God se beloftes uit kom.
  - Mens wat agtergekom het dat God hulle aanvaar in sy baie, baie groot genade.
    - Hulle soek dit nie meer by mense nie.
- En dit maak hulle eintlik vreemdelinge in die wêreld.
  - Hulle is nou anders 'gewire' as gewone mense wat stoei vir aanvaarding.
- Hoor hierdie fantastiese getuienis
  - as Jakob later die magtigste ou in die wêreld ontmoet
    - – kyk dis mos nou 'n kans om punte te wen:
  - Hy ontmoet die Farao in Egipte toe sy seun Josef daar onderkoning was. Gen 47:7 (OAV)

*<sup>7</sup>Toe bring Josef sy vader Jakob in en stel hom aan Farao voor. En Jakob het Farao gegroet met 'n seënswens.*

*<sup>8</sup>Daarop sê Farao vir Jakob: Hoeveel is die dae van jou lewensjare?*

*<sup>9</sup>En Jakob het Farao geantwoord: Die dae van die jare van my vreemdelingskap is honderd-en-dertig jaar. Min in getal en vol teëspoed was die dae van my lewensjare, en hulle het nie gehaal by die dae van die lewensjare van my vaders gedurende die dae van hulle vreemdelingskap nie.*

*<sup>10</sup>Toe het Jakob Farao gegroet met 'n seënswens en van Farao af weggegaan.*

- Jakob stoei nie meer vir aanvaarding en vrede nie...
  - dit loop nou uit hóm uit!



- Jakob wat honger gesoek het om ander mense se seën te steel,
  - deel nou seën uit aan die Farao
  - – wanneer hy daar aankom én wanneer hy weggaan.
- en met sy woorde tussenin is hy eintlik besig om vir die Farao iets te getuig:
  - Ek en my voorgeslagte is vreemdelinge. Ons is anders.
- Die dood en lewe van Jesus Christus wat ons 100% VREDE GEE met die Allermagtigste van die skepping: God –
  - ...is wat Jakob in die toekoms gesien het.
- Dat daar vrede en aanvaarding is vir elkeen wat eerlik met sy swakheid voor God stoei,
  - in geloofsvertroue vasgryp aan die genade van Christus wat die gemors van ons lewens op hom gevat het
    - en deur die krag van sy Gees 'n ware Israeliet is:
    - 'n stoeier vir God.

## Slot

- Jy kan sê wat jy wil... maar op 'n manier draai dieselfde ratte in ons as in ou Julius en Jakob...
- Te veel mense stoei soos Jakob nog met hulle eie krag om die leë gat in hulle vol te maak...
  - om tog net iemand te wees.
    - Jy probeer die onmoontlike.

- Stoei, maar stoei net met God...
  - Knak jou knie en smeeek sy seën.
  - Lewe en vrede is klaar gereed in die bloed en liggaam van Jesus Christus.
- Wees deel van die ware Israel vandag... stoeiers vir God.

**Amen**

Griffel van Wyk  
Trinitas  
10 Julie 2016